

**Skriflesing: 1 Joh 5:6-13**  
**Tema: God gee sekerheid.**

Dit is 20 Junie 1505.

Êrens in Duitsland haas 'n jongman hom om by sy bestemming, die dorpie Erfurt, te kom. Hy het alle rede om so vinnig te loop as wat hy kan, want donker onweerswolke is besig om saam te pak. Gou-gou is die lug toegetrek met pikswart wolke. 'n Hewige donderstorm breek los. Weerligstrale deurklief die inkswart hemel. 'n Verlamme vrees oorweldig hom. Wat sal gebeur as hy nou moet sterf? Hy is nie reg om God te ontmoet nie. Daarvoor is hy veels te sondig. Meteens is daar 'n verblindende weerligstraal wat naby hom in die grond vasslaan, gevolg deur 'n geweldige donderslag. In sy doodsangskreeu hy: "Help my, heilige Anna! Ek belowe ek sal 'n monnik word." (Anna is een van die Rooms-Katolieke heiliges wat, volgens hulle oortuiging, in gebed aangeroep mag word.)

Wie was hierdie man? Maarten Luther, 'n jong student in die regte. 'n Paar dae ná die voorval, gaan sluit hy hom by 'n Rooms-Katolieke klooster aan en word 'n monnik. Maar, waarom doen hy dit? Hy dink dat hy met sy toewyding en selfverloëning sy saak met God kan regmaak en hy vrede kan vind. Maar hoe meer hy probeer het, hoe meer was hy bewus van sy diepe onheiligheid. Hy het jare van innerlike stryd en soeke beleef. Op 'n stadium het hy oor sy twyfel en onsekerheid gaan bieg by die hoof van die kloosterorde, Von Staupitz. "Maarten, jou selfkastyding sal nie die deur van die hemel vir jou oopmaak nie. Waarom martel jy jouself? Sien op die kruis. Sien op Christus se wonde. Hy het die straf gedra wat vir ons vrede bring."

Toe Luther vir Von Staupitz vertel van die groot skrik wat oor hom gekom het tydens die donderstorm, het Von Staupitz geantwoord: "My seun, dit is die duiwel wat skrik aanjaag. Christus verskrik nie. Hy troos. Sien op Sy wonde en bloed wat vir jou vergiet is."

En toe op 'n goeie dag, sewe jaar later in die winter van 1512, terwyl hy die Romeinebrief lees, kom Luther tot die wonderbaarlike ontdekking dat die mens nie voor God geregtig word deur die werke nie. Hy maak die geloofsontdekking dat God jou uit vrye genade ingesluit het by Jesus Christus se dood en opstanding. Hy doen dit terwyl jy nog Sy vyand was. Só maak Hy jou saak met Hom reg.

En dit het uiteindelik die groot tema geword van die Groot Hervorming: Slégs die verdienste van Christus red die rebelse skurk van 'n mens van die toorn van God. En hierdie redding word met verwondering deur die geloof ontvang.

Terug na hede:

Waaroor is jy seker? Dikwels is ons net seker dat ons van niks seker kan wees nie. Is jy seker dat jy 'n kind van God is? Is jy seker dat jy hemel toe gaan?

Die passievolle hartklop van God is absolute, voldonge, 100% SEKERHEID vir almal van ons. Sekerheid wie God is. Sekerheid van elke belofte in die Bybel.

Sekerheid van Christus en Sy verlossingswerk.

Sekerheid van die nuutmakende werk van die Heilige Gees in ons.

Sekerheid van jou eie persoonlike vergifnis en redding.

Dít is hierdie sekerheid wat Luther ontdek het. Dít is hierdie sekerheid wat God wil hê dat elkeen van ons vandag moet hê voor ons hier uitstap.

Die vraag is: Hoe kry 'n mens dit?

Is dit 'n soort innerlike GEVOEL wat 'n mens moet hê. Wel, indien dit van innerlike GEVOEL moes afhang, sou Maarten Luther dit nooit kon vind nie - nie hý, met sy woeste persoonlikheid en erge depressie nie. Maar Luther het juis ontdek dat hierdie sekerheid BUIITE HOMSELF lê in iets wat méér vas is as wat hyself is.

In 1 Joh 5:6-13 lees ons dat Jesus Christus, die Heilige Gees, God en die Bybel hieroor 'n getuienis vir ons het.

Jesus se doop en kruisdood getuig.

Die Heilige Gees, die Gees van die waarheid, getuig hiervan.

"Die Een wat deur die water van sy doop en die bloed van sy dood na ons toe gekom het, is Jesus Christus; nie net deur die water nie, maar deur die water én die bloed. Die Gees is die getuie daarvan, en die Gees is die waarheid. Daar is dus drie wat getuig: die Gees en die water en die bloed, en die drie se getuienis stem ooreen." (1 Joh 5:6-8)

God getuig hiervan.

"Ons aanvaar mense se getuienis, hoeveel te meer die getuienis van God, want dit is God wat getuig, en die getuienis handel oor sy Seun." (1 Joh 5:9)

Die Woord getuig hiervan. Ons lees in 1 Joh 5:13 "Hierdie brief skrywe ek aan julle sodat julle kan weet..."

Wáárvan getuig die Jesus Christus, die Heilige Gees, God en die Bybel?

"En die getuienis behels dít: God het ons die ewige lewe gegee, en dié lewe is deur sy Seun. Wie die Seun het, het die lewe; wie nie die Seun van God het nie, het ook nie die lewe nie. Hierdie brief skrywe ek vir julle, sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het, julle wat in die Seun van God glo. (1 Joh 5:11-13)

So eenvoudig soos dit!

God het deur sy Seun, Jesus Christus, vir ons die ewige lewe as geskenk gegee.

Die hele wêreldbevolking val in slégs TWEE groepe uiteen:

Die wat die Seun het, wie in die Seun glo, het die ewige lewe.

Die wat Hom nie het nie, wie nie in die Seun glo nie, het nie die ewige lewe nie.

En die ewige lewe is nie net eendag ver in toekoms as ek sterf nie. Dan breek ewige lewe in al sy volmaaktheid aan. Ons lees in Joh 17:3 as deel van die gebed van Jesus: "En dit is die ewige lewe: dat hulle U ken, die enigste ware God, en Jesus Christus, wat deur U gestuur is." Met ander woorde die ewige lewe is dat ek nou al lid van die familie van die enigste ware God kan wees. Die ewige lewe is dat ek nou lewe in God se teenwoordigheid.

VANDAG is die dag! VANDAG moet ons ons hoof buig en bid en sê: "Here, dankie dat U getuienis vir my insluit. Dit IS die waarheid. Bevestig deur Jesus Christus, die Heilige Gees, God en die Woord. Waarom sal ek nie 'n oomblik langer sit en wonder en twyfel nie. Hiervan is ek seker!

Ek glo U getuienis!

Ek aanvaar Jesus Christus in geloof. Nou is ek seker dat ek die lewe het en dat ek hemel toe gaan.

Ons probleem is dat ons dekades lank in eredienste sit en ons hoor dit alles, maar dit

gaan nooit vir ons OOP nie. En daarby word ons met soveel leuens om die bos gelei. Hoeveel van ons het grootgeword met die leuen dat ons te sondig is vir Jesus se verlossing en vir die ewige lewe? Of die leuen dat ons nog hierdie of daardie ding moet doen voor ons gered kan word? Op grond van hierdie leuens diskwalifiseer ons die heelyd onself vir God se beloftes.

Hoor die getuienis van die Vader, die Seun, die Heilige Gees en die Bybel en aanvaar dit, by herhaling of dalk vir die eerste keer, in geloof:

“En die getuienis behels dít: God het ons die ewige lewe gegee, en dié lewe is deur sy Seun. Wie die Seun het, het die lewe; wie nie die Seun van God het nie, het ook nie die lewe nie. Hierdie brief skrywe ek vir julle, sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het, julle wat in die Seun van God glo. (1 Joh 5:11-13)

**Amen**